

SONDAG:5

VRAAG EN ANTWOORD: 14

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?			
Antwoord: Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie.	1	Genesis 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.	Vir die mens het die Here God gesê: "Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank;
		Esegiël 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.	Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf.
Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.	2	Psalms 130:3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?	As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?
		Nahum 1:6 Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.	Wie kan bly staan voor sy woede? Wie kan sy gloeiende toorn weerstaan? Sy gramskap breek deur soos 'n veldbrand. Rotse word voor Hom uit uitmekaar gebreek.